LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

23-05-2016

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 18 VIR 2016

HOUDING / WAARDE:	**VOLKIES SE WAARDES IS:** G - GELOOF R - RESPEK I - INTEGRITEIT L - LOJALITEIT

Boeremark by Gereformeerde Kerk op 28 Mei 2016

Koekverkoping by Suikerbos Dienssentrum op 4 Junie 2016

Kairos Dagmark vind plaas op 23 Julie 2016 vanaf 08:00 - 17:00.

R150 per stalletjie. Kontak vir Liz Spoelstra by 0163417020 of 0834255987

1 **KOMMUNIKASIE**:

Die welsyn en welstand van ons leerders is vir ons baie belangrik. Daarom wil ons u as ouers nooi om die vrymoedigheid te neem om met ons te kom gesels by die skool van sport- tot akademiese probleme. Daar bestaan nogsteeds die persepsie dat 'n kind benadeel sal word as u 'n afspraak maak met 'n onderwyser of die hoof by die skool. ***Onder geen omstandighede sal 'n leerder benadeel word wanneer 'n ouer die skool kontak met 'n versoek of probleem nie. Juis daarom kan ons nie anonieme sake hanteer nie.***

2 **BAIE DANKIE:**

Ons as Volkie personeel wil vir u as ons ouers baie dankie sê vir u gedrag, of dit langs die sportvelde is of in 'n skoolsaal waar u kind/ers optree. Dankie vir die voorbeeld wat u vir al ons kinders stel. Dit word regtig baie waardeer!

3 **EKSAMEN**:

- Al ons leerders is skoolpligtig tydens die eksamen. Leerders gaan eksamen skryf en daarna wissel. Daar word nog in die ander vakke assessering in die klasse gedoen.
- Niemand sal verskoon word van skoolgaan nie. Doktersafsprake moet na skool gereël word.

- Indien 'n kind afwesig is (met siekte) tydens die skryf van 'n vraestel, moet 'n doktersbrief ingehandig word, anders sal die leerder 0 % kry vir die betrokke vraestel.

4 **WILDSFEES**:

Onthou Saterdag, 4 Junie vanaf 17:00 tot laat, gaan ons lekker saam kuier en dans rondom die vure. Koop asb jou kaartjie by Chrisna, tot Maandag, 23 Mei, teen R150 per volwassene, R80 per Hoërskool leerder en R50 per Laerskool leerder. Jy bring slegs jou eie drinkgoed en snacks. Daar sal braaipakke, bykosse, vure en eetgerei wees.
Daar sal wilds-droëwors, biltong en braaiwors te koop wees, asook 'n koffie stalletjie, so bring 'n ekstra geldjie saam.

5 **KOOR**:

Daar is oefening soos normaal.

6 **SKAAK**:

Daar is geen verdere skaakoefening vir die kwartaal nie.

7 **NETBAL**:

Sterkte aan die O/10A, O/11A, O/13A en O/13B spanne wat die week deelnaam aan die uitspele by Voorwaarts. Afrigters van betrokke spanne sal oefentye met elke span reël.

8 **RUGBY**:

- Baie dankie aan al die pa's en seuns wat deel was van die naweek se kuier by Loftus.
- Ons speel Donderdag, 26 Mei, tuis teen Kollegepark en Donderdag, 2 Junie, weg teen Laerskool Fonteine.
- Bulletjie rugby oefen Maandag en Woensdag vanaf 17:00 - 18:00 tensy dit reën. Ons laaste wedstryde is op Saterdag, by Laerskool Unitaspark in Vereeniging.

9 **KRIEKET**:

Die 1ste en 2de span krieket proewe vir Graad 6 en 7 seuns, vind plaas op Woensdag, 25 Mei vanaf 15:00 tot 17:00 by die krieketnette

10 **LEIERS HOU FONDSINSAMELING:**

Ons leiers het hierdie kwartaal 'n projek waar ons warm komberse en baadjies invorder vir behoeftige maats. Bring ook 'n R10 saam vir 'n lekker worsbroodjie en gewone klere op 27 Mei wanneer ons die klere gaan oorhandig. Kom ons vat hande Volkies!

11 **KULTUURAAND 2017:**

Kultuuraand 2017 vind plaas op Vrydag, 17 Februarie 2017. Ons gaskunstenaar is Adam Tas. Kaartjies gaan beskikbaar wees teen R300 per kop. U kan nou al u tafel bespreek by Chrisna 0760519176.

12 **HEIDELBERG EISTEDDFOD:**

Heidelberg Eisteddfod vind plaas vanaf 24 Julie - 6 Augustus, asook Saterdag, 13 Augustus by Heidelberg Public School. Sluitingsdatum vir inskrywings is 31 Mei 2016.
Kostes:

Individueel: R80 p/inskrywing	Duet: R120 p/inskrywing
Klein groepe: R150 p/inskrywing	Groot groepe: R200 p/inskrywing

Alle inskrywingsvorms, gelde en navrae is by Juf Helanie Willemse in klas 2.
(Heidelberg Eisteddfod sluit alle afdelings in).
Inskrywings en vorms sal beskikbaar wees vanf Maandag, 18 April. Bring asb. die regte gelde, kleingeld is nie beskikbaar in klas nie.

Kuns-tema: Aarde/Earth
Kuns word gedoen op A3 of groter, sonder "raam" of "mounting".
Enige medium kan gebruik word. Handig is by Juf Helanie in met jou naam, skool en graad agterop, die week wat die skool begin.

13 **SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD:**
Suikerbosrand Eisteddfod se Groep 1-inskrywings het reeds gesluit. Dit vind plaas vanaf 1-9 Junie. Elke leerder wat ingeskryf het sal 'n briefie ontvang wat hulle moet saamneem die dag wanneer hulle deelneem met hul datum en tyd op.

14 **VOLKIE NUUSBULLETIN**:
Indien u as ouers wil adverteer in die Volkie Nuusbulletin, is die kostes R200. Onthou asb om al die buitesport aktiwiteite te epos na chrisnameyer@laervolkskool.co.za en haar kontaknr is 0760519176.

15 **VOLKIE SNOEPIE SPYSKAART:**
Leerders moet asb 'n bestelvorm by die snoepie gaan haal, indien hulle belangstel.

WEEK 24-27 MEI 2016			**WEEK 30 MEI -3 JUNIE 2016**		
Maandag	Jumbo Hotdog	R15	Maandag	Macaroni en maalvleis	R15
Dinsdag	Boerewors, tamatiesmoor en mash	R15	Dinsdag	Sweetcornpap en hoender nuggets	R15
Woensdag	Hoenderburgers	R15	Woensdag	Boereworsrol	R15
Donderdag	Maalvleis - Kerrie & Rys	R15	Donderdag	Pampoentert en Hoendersosatie	R15
Vrydag	Pizza	R10	Vrydag	Pizza	R10

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF